Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 03/02 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
    - Die afrigters van HS McLachlan wil dr. en mev. Ockie Strydom vir die 500g Everestspies bedank. Dit word opreg waardeer.
    - Baie dankie aan elke ouer, oud-skolier en vriend van McLachlan wat as beampte opgetree het tydens die kleuresport en die sone-atletiekbyeenkoms. Sonder julle hulp sou hierdie byeenkomste nie so vlot kon verloop nie.
    - Baie dankie ook aan die OOV-verteenwoordigers en ouers wat so hard in die snoepie gewerk het tydens hierdie geleenthede. Ons sien raak wat julle vir ons skool doen en het groot waardering daarvoor.

2. **Weeklikse nuusbrief via e-pos:**
   Die nuusbrief word vanaf vandag ook weer per e-pos uitgestuur. Ouers/voogde wat aangedui het dat hul die weeklikse nuusbrief in 2023 elektronies wil ontvang, word vriendelik versoek om mev. Daleen Strydom te kontak indien dit nie die geval is nie.

3. **#Imagine 2023 National Event - 18-20 Maart 2023:**
   Ons sal baie graag vanjaar ons Gr 8-12-leerders die geleentheid wil gee om die nasionale #Imagine-saamtrek te Bredasdorp vanaf 18-20 Maart 2023 by te woon. Dis 'n fenominale geestelike saamtrek van ons suidelike provinsies se jeug om vir daardie langnaweek 'n wonderlike Christelike belewenis te hê op 'n unieke jongmensmanier. Die verblyf, etes en toegang vir die naweek beloop R500 en die vervoer ongeveer R200.

   Leerders kan ons spesiale borgvorms gebruik om by vriende en familie fondse in te samel vir die kamp. Meer inligting sal later aan ons kampeerders en ouers verskaf word. Kontak asb. mnr. Schlechter vir enige navrae en alle vorms.

4. **Ekstraklasse:**
   Ekstra klasse vir verskeie vakke begin op Maandag, 6 Februarie. Die ekstraklasse se rooster is vandag aan die leerders uitgedeel.

5. **ATKV-redenaars:**
   Die temas waaruit onderwerpe afgelei moet word vir 2023 is die volgende:

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot 3: | Kleur ; Speel ; Klein |
| Graad 4 tot 5: | Flits ; Luister ; Klank |
| Graad 6 tot 7: | Tradisie, Reis ; Wedren |
| Graad 8 tot 9: | Kruispad ; Angel ; Hutsmerk |
| Graad 10 tot 12: | Inklusief ; Bemagtig ; Ideologie |

herotel

6. **Finansies:**

- **SKOOLGELD**
  - Skoolgeld beloop **R1 200,00 per maand vir 10 maande,** betaalbaar vanaf Februarie tot November. (Totaal van **R12 000,00 per jaar**)
  - Geen glyskaal vir aantal kinders.
  - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R935,00** per maand. Betaalbaar vanaf Januarie tot Desember.
  - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R10 800,00** (voor 31 Jan 2023)
  - Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

  Aftrekorders: Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en 'n afskrif aan die skool voorsien. Ouers moet onthou om bedrae van aftrekorders te verander.

  Die skoolfonds is betaalbaar vanaf Februarie tot November 2023. Die eerste skoolfondsrekening vir 2023 sal aan die einde van Februarie beskikbaar wees. Ons versoek ouers vriendelik om rekenings per EFT te vereffen, aangesien ABSA nie meer 'n tak op Joubertina het nie, en kontant 'n probleem raak. Indien ouers nie oor 'n EFT-fasiliteit beskik nie, kan die skoolfonds wel kontant betaal word.

  **Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen vir verminderde skoolfonds. Vorms is by beskikbaar my mev. Mattheus. Dit moet voor die 15de Februarie ingehandig wees.**

- **BUSGELD (per kwartaal):**

  | Daaglikse roete | |
  |---|---|
  | Misgund | R2 440 |
  | Louterwater | R2 180 |
  | Krakeel | R1 920 |

  Busgeld vir die eerste kwartaal is betaalbaar teen 31 Januarie 2023. Busgeld is vooruit-betaalbaar en indien dit nie betaal is nie, mag die betrokke leerder nie verder van die busdiens gebruik maak nie.

- Kopieerkoste:
  Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2023 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

  | | | |
  |---|---|---|
  | Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
  | | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
  | | Tipe rekening: | Tjek |
  | | Takkode: | 334415 |
  | | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

7. **Sport:**

- Kleuresport:
  Hoërskool McLachlan se kleurebyeenkoms het vir baie opwinding gesorg. Die rooi- en geelspan het almal verras met hul entoesiasme en interessante temas vir die optog. Die rooispan was die trotse wenners

herotel

van die spankompetisie, terwyl die geelspan die geesbeker verower het.

Ons is trots op al ons atlete wat deelgeneem het. Die volgende atlete spog met rekords tydens die kleuresport van 2023:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1500m | S 0/15 | Marlu Kritzinger | Rooi | 5:10.26 |
| 3000m | S 0/15 | Marlu Kritzinger | Rooi | 11:39.37 |
| 3000m | D 0/17 | Kara Roberts | Geel | 13:39.06 |
| 3000m | S 0/17 | M. Jantjies | Geel | 11:44.89 |
| 3000m | S 0/17 | J. Billet | Geel | 12:21.87 |
| 3000m | Vroue 19 | Anika Kritzinger | Rooi | 13:24.29 |
| HS | Vroue 19 | Taryn Uithaler | Rooi | 1,35m |
| 400mH | S 0/17 | Petrus Kalolo | Geel | 1:08,67 |

- Laerskoolatletiek – Woensdag, 1 Februarie:
  Tydens die laerskoolsone op 1 Februarie 2023 het ons McLachlanatlete besondere prestasies behaal. Die laerskoolspan het algeheel 'n tweede plek uit sewe deelnemende streke/skole verower. Die Kareedouwsone was in die eerste plek, terwyl Tsitsikamma 'n derde plek verower het.

  Die datum en plek van die volgende byeenkoms sal bevestig word sodra ons skool meer inligting ontvang het.

  Baie geluk aan al ons atlete. Die personeel en afrigters is trots op julle.

- SOK-byeenkoms: Saterdag, 4 Februarie 2023:
  Atlete moet asseblief Saterdagoggend met die SOK-byeenkoms reeds om 07:15 hul plekke op die wit pawiljoen by Paul Sauer se sportgronde inneem. Atlete moet netjies geklee wees met die korrekte atletiekdrag. Slegs 'n skoolsweetpak mag gedra word indien dit koel is. Geen bont klere nie.
  Bustye:

| | Baileybus: | McL-bus | Quantum: |
|---|---|---|---|
| 05:15 | | Misgund | |
| 05:30 | | Louterwater | |
| 06:00 | Ravinia | Skool | Krakeel |

  Die opening en optogte sal vanaf 07:30 begin. Die atletiekprogram begin om 08:00. Atlete moet betyds aanmeld vir hul items en hoflik teenoor beamptes optree. Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.

  McLachlan-ouers en ondersteuners word uitgenooi om die dag saam te kom geniet. Bring u sambreel/gazebo en kampstoele saam.

- Tenniswedstryde:
  7 Februarie: Hoërskooldogters teen Collegiate [Tuis]
  9 Februarie: Hoërskoolseuns teen Woodridge [Weg]

- Krieket:
  Woensdag, 8 Februarie, speel 'n gemengde hoërskoolspan teen Paul Sauer op hulle veld.
  Bussie sal om 13:00 vertrek.

herotel

- Atletiek:
  Saterdag, 11 Februarie, vind die HS Kouga- en Koukamma-atletiekbyeenkoms te Hoërskool Paul Sauer plaas. Inligting sal volg sodra ons 'n skrywe ontvang.

- Rugby en netbal:
  Rugby- en netbaloefening vir hoërskoolleerders begin op Dinsdag, 7 Februarie.

8. **Landsdiens:**
   Vrydag, 10 Februarie, om 13:00 hou ons 'n heerlike boeresportmiddag. Vir slegs R5 kan julle 'n middag vol pret hê. Kom ons bou gees.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453
Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit